

Ons onkunde oor God is dalk ons blinde kol

Wanneer die woord "sonde" opduik, dink mense gewoonlik aan morele oortredings. Immoraliteit, diefstal, dronkenskap en sulke dinge is dadelik in die visier, wanneer sonde ter sprake is. Inderdaad spreek die Bybel ook sulke morele vergrype aan, maar die boek Job bied 'n ander perspektief op die vraag in verband metsonde. Na Job se lang woordstryde met sy drie vriende Elifas, Bildad en Sofar en selfs met God, is sy uiteindelijke belydenis in hoofstuk 42 nie 'n erkenning van sy morele sondes nie, maar een van sy eie onkunde oor God. Hoor weer: Job bely aan die einde dat hy God nie goed genoeg geken het nie. Hy bely nie dat hy skuldig is aan al daardie morele sondes, waarvan sy drie vriende hom beskuldig het nie.

Job se moeilikhede het begin, toe hy letterlik alles in die lewe verloor het. Sy vriende het dadelik besluit hy het gesondig en dat God hom nou straf. Job het hierdie aanklag verwerp. Tot in hoofstuk 31 het Job volgehou dat hy geen morele sondes gepleeg het nie. Hy het regverdig voor God en tussen mense geleef. Uiteindelik antwoord God self vir Job in hoofstuk 38 - 41. God se antwoord is 'n uitgebreide besoek aan Sy skepping saam met Job. Hierdie ontdekkingstog in die teenwoordigheid van die Almagtige maak Job bewus van een groot feit: hyself het God verkeerd verstaan (Job 39: 36 - 38; 42: 1 - 6). Hy wat Job is, is onkundig oor wie God regtig is, maar nou beleef hy God se almag en goedheid eerstehands. Nou weet Job hyself is klein en nietig voor God. Daarom val hy in die stof voor God neer en erken dat hy van nou af gaan stilbly. Sy ontdekking van God se grootheid is net te oorweldigend. Hierdie belydenis van sy onkunde lei tot 'n nuwe belewenis van God se grootheid en goedheid in Job se lewe.

Ons moet opnuut besef dat ons grootste probleem dalk ook dié van Job is. Ons eintlike tekort is dat ons God nie reg verstaan nie. Dalk is dit ook 'n blinde kol. Dalk is dit daardie een oortreding in ons lewe, wat ons met oop oë miskyk, net soos wat Job vir jare lank gedoen het. Kom ons bely ons onkunde saam met Job. Kom ons maak dringend werk daarvan om God beter te leer ken. Kom ons val weer in verwondering voor Hom neer.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
 -Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
 -Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
 Marinda Jordaan
 Ria Putter
 Maria Steyn
 Sampie Swart
 Annika Kilian
 Monty Pienaar
 Jaco Steenkamp
 Oom Cedric Wiegand
 Leonie Kruger
 Sumari Pretorius
 Heleen Lamont
 Jillian Jansen
 Tannie Martie de Beer
 Albert Glockzin
 Heinrich Kotzé
 Willie Britz
 Rudi Kruger
 James Vermaak
 Theuns Pelser
 Frik Blom

Jaap Naudé
 Neil Hauman
 Tilly van Huysen

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
 -Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
 -Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
 -Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
 - Dankie vir U **wondergroot genade...**
 - HERE, ek het U lief! AMEN



GOD, WHO MADE HIS LIGHT SHINE IN OUR HEARTS
 TO GIVE US THE LIGHT OF THE KNOWLEDGE OF
 THE GLORY OF GOD IN THE FACE OF CHRIST

2 Corinthians 4:6

Open the eyes of my heart Lord
 I want to see You!

Gedagte vir die week

God hou my in die beskerming
 van Sy hand,
 elke dag!
 Ek is Sy
 kind en
 Hy is my
 Vader

Amen



My kinders, laat ons nie liefhê
 met woorde of met die tong nie,
 maar met die daad
 en in waarheid.
 1 Johannes 3:18



Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005